VRAE OOR
"HEI MEVROU BROWN, (DIT GAAN GOED)"
VIR **SARIE TYDSKRIF**
DEUR MARÍ LE ROUX
2001

Ná byna 22 jaar in die plaaslike musiekbedryf kan jy 'n hele string treffers agter jou naam skryf. Jy's volksbesit. Hoe voel dit?
As dit só is, is ek baie dankbaar. Ek beskou nooit enige sukses as vanselfsprekend nie. Elke hoogtepunt is 'n geskenk en 'n aansporing om in die toekoms beter werk te lewer.

By die Kunstefeeste is jou vertonings van dié wat altyd eerste uitverkoop is. Wat doen dit aan jou?
Ek is baie lief vir die verhoog. Ek was vyf toe ek die eerste keer opgetree het. En ek besef, hoewel ek weet dat ek nie vir altyd daarmee sal kan aanhou nie, dat ek op die verhoog werklik lewe. Miskien voel mense dit aan as hulle na my kom luister. Ek hoor so dikwels iemand het my musiek as 't ware eers "ontdek" op CD nadat hulle my sien optree het. Sulke bywoning van my optredes plaas natuurlik ook 'n verantwoordelikheid op my om goeie en vernuwende werk te lewer.

Mense ken jou donker stem goed. Maar wie is Laurika Rauch?
Sommige mense sê hulle is vandag dieselfde mens as toe hulle 21 was. Ek dink ek is nog dieselfde mens as toe ek tien was. Ek het nog net soveel drome, verwagtinge en belangstellings as toe. Ek is nog steeds net so afhanklik van mense in my werk en lewe. Die een plek waar ek darem moes grootword, is as ma. Op daardie gebied moes ek vinnig leer, veral toe ek agtergekom het die beplanning van daaglikse maaltye en kospakkies is daarby ingesluit en nie net die speel nie. Ek dink nie ek was in die begin daarop voorbereid nie. (Laurika en haar man, die liedjieskrywer en ekonoom Christopher Torr, het twee kinders. Simon is 18 en Nina 13.)

Watter lesse het jou kinders jou geleer?
Dat 'n mens maar kan luister na die raad van 'n kind; dat daar altyd baie gelag word as 'n kind naby is; dat kinders 'n oneindige vermoë tot deernis het, veral met hul ouers se onvermoëns.

Jou pa, Fritz, is vroeër vanjaar oorlede. Hoe verwerk jy intense hartseer soos dit?
Hoofsaaklik deur my gevoelens uit te spreek teenoor die mense naby aan my, sonder om 'n oorlas van myself te maak. Dis tog eienaardig hoe 'n mens identifiseer met en bewus word van ander se hartseer as jy dit self eers beleef het. Daardie meelewing met ander help. Ek het ook 'n routydperk gehad, wat vir my absoluut noodsaaklik was.

Hoe voel jy oor die ouderdom?
Met my pa se dood het ek werklik begin besef hoe kort die lewe is. Ek dink die pad wat 'n mens ná veertig loop, word grootliks bepaal deur die pad wat jy voor veertig geloop het. Ek sien veral dat ouer word nie eintlik 'n kwessie is nie, solank jy gesond is.

Afrikaanse musiek het jou gekies, sê jy. Wat is dit omtrent die taal wat jou raak?
Alles. Ter illustrasie haal ek grepe uit sommige van die liedjies op my nuwe CD aan:
"So ek skryf
want ek't maar net gewonder
of ek dalk weer die kans sal hê
om net te sê: Hei, mevrou Brown,
Dit gaan goed ..." - "Hei, mevrou Brown (dit gaan goed)", Marlise Scheepers

"Net soos 'n ongenooide gas
so sal die liefde jou verras
ek het 'n wys ou uil hoor sing
dis 'n tydelike ding" - "Kom laat ons laat ons sing", Christopher Torr

"Jy sê vir my ek moet vir jou 'n liedjie skryf, sodat jy my
kan onthou wanneer ek dalk sou weggaan met die tyd
Jy sê jy wil van Mozart hoor, van Billy Joel en Koos Kombuis
en dat ek tog 'n stukkie Queen moet insit net vir jou" - "Onthou", Jeanette Cilliers

"Ek bring vir jou 'n sonneblom uit Bethlehem
en gee dit water op Bloemfontein
Uit Hanover bring ek kappertjiesaad
uit die tuin van Nr 3 Darlingstraat
en Hanepoot druiwe uit die Paarlvallei" - "'n Sonneblom uit Bethlehem", Lize Beekman

"So sal ek jou onthou
Op hierdie eerste dag van die somer o-o-ou
met jou hande op die dashboard saamgevou
so sal ek jou onthou
op hierdie eerste dag van die somer, o-o-ou
wys jy vir my die drome in jou atlas
en die plekke waarvan jy so hou" - "Waar ek ook al ry", Koos Kombuis

Wat kan jy uitsonder as dié hoogtepunt in jou lewe?
'n Mens maak dikwels die fout om iets eers as jy terugkyk as 'n hoogtepunt te beskou. Ek probeer so min moontlik terugkyk. My hoogtepunte lê binne my en ek leef hulle elke dag.